

# KENNISGEWING AAN NATURE'S VALLEY BESOEKERS



## BOBBEJAANWAARSKUWING

Bobbejane is inheems in hierdie gebied. Op soek na KOS, besoek hulle gereeld die woonbuurt in die vallei. U samewerking is krities in die beperking van hulle geleentede en die beskerming van u eiendom. **INDIEN HULLE U WONING SOU BINNEDRING, SAL HULLE VERWOESTING SAAI.**

### Moet nooit:

- Enige kos buite laat vir ape of bobbejane nie.
- Vrugte of groenteskille buite laat nie - kos wat vir voëls gelaat word, lok ook bobbejane en ape.
- Vullissakke met oorskiet kos en selfs materiale vir herwinning buite los nie, dit sal oopgeruk en rondgestrooi word.
- Enige kos of vrugte naby vensters of deure plaas waar hulle dit kan sien nie.

### Verseker ten alle tye:

- Dat deure en vensters wat nie met bobbejaanwering beskerm is nie, gesluit is
- Om deure en vensters te sluit. Bobbejane weet hoe om deure oop te maak.
- Dat honde weggehou word van bobbejane om aanvalle te vermy.

### Verhoed ten alle tye:

- Om bobbejane te nader, veral die jonges
- Om hulle in die huis vas te keer – staan terug en laat hulle toe om self uit te gaan. Hulle word aggressief as hulle vasgekeer word.

### Om bobbejane van die eiendom te verjaag :

- Skreeu en swaai jou arms
- Slaan potte en panne teen mekaar
- Skiet op hulle met 'n kettie. Gewoonlik loop hulle sodra hulle die kettie sien
- Spuit hulle met water

### Onmiddellike hulp in 'n noodgeval of bedreigde situasie:

ADT – Patrolievoertuig : 083 290 9085  
NV Superintendent : 044 531 6757  
Vir verdere inligting NVBV: 044 531 6699

## HUISHOUDELIKE AFVAL EN HERWINBARE MATERIAAL.

### Opberging op eiendom

Asblikke moet binne die huis of motorhuis geberg word as dit nie bobbejaan bestand is nie.

### Afhaal van huishoudelike afval.

Die munisipaliteit verwyder huishoudelike afval uit swart asblikke op die sypaadjies. Binne seisoen Dinsdae en Vrydae vanaf 7 uur soggens en buite seisoen Vrydae vanaf 8 uur soggens. Die trokke loop nie op vasgestelde tye nie. Plaas asseblief die asblikke 7 VM op die sypaadjie.

### Herwinningsmateriale

Herwinningsmateriale (karton, papier, plastiek, glas) word slegs vanaf die “WTS Waste Transfer Station” in Forestrylaan verwyder. Plaas asseblief hierdie materiale in die spesifieke houers wat voorsien is.

### Plastieksakkies, koshouers, lekkergoedpapiere en bottels op strand.

In die lig van talle voëls en seediere wat aan 'n wrede dood blootgestel word as hulle op die strand en in die see in plastiek verstrengel raak of dit insluk, rig ons 'n ernstige versoek om sulke items huistoe te neem of in vullisdromme by die strand ingange te plaas. U klein bydrae in hierdie verband kan help dat hierdie pragtige strande behoue bly en die wonderlike seelewe teen uitwissing beskerm.

### Gereed om te vertrek:

Moet asseblief nie vullissakke op die sypaadjie laat op dae wat vullisverwydering nie plaasvind nie. Neem dit asseblief na die WTS aan die einde van Forestrylaan. Glas en bottels moet in die glashouer geplaas word terwyl ander herwinningsmateriaal in die herwinningshouers geplaas word.

**MOET ASSEBLIEF GEEN GLAS, ROMMEL OF KOSAFVAL IN SAKKE LAAT BY DIE “WTS” NIE. BOBBEJANE SAL DIT VERSKEUR EN DIE INHOUD OOR DIE HELE AREA STROOI.**

## HONDEREËLS

Die bestaande munisipale wetgewing oor honde is van toepassing in Nature's Valley. Let asseblief daarop dat die NVBV **nie** verantwoordelik is vir die daarstelling van die wetgewing nie en dat hierdie wetgewing van toepassing is op alle stedelike gebiede en strande in die gebied. Oortreders kan deur die munisipale owerhede vervolg word.

### Die volgende reëls geld:

Honde wat nie in 'n omheinde erf is nie, moet aan 'n leiband gehou word.

Eienaars mag te alle tye met hulle honde in die strate loop mits die honde aan 'n leiband is, maar slegs voor 09:00 en na 16:00 op die strande (vanaf 1 Desember tot 29 Februarie).

Honde faeces moet opgetel word met die sakkies wat voorsien word en dan in een van die talle asblikke in die vallei geplaas word.

Rondloper honde kan deur die munisipaliteit opgelaaai word en na die skud geneem word en sou hulle in die Tsitsikamma Bosbou Areas gevind word, het die veldwagters volmag om honde te skiet, selfs terwyl hulle op leibande is.

### Honde Faeces Sakkies

In 'n poging om faeces- vrye strande en sypaadjies in Nature's Valley te bewerkstellig, word honde faeces-sakkies by elke strandingang, die strandmeer en die Phyl Martin Park geplaas. Dit is nie gewaarborg dat daar ten alle tye sakkies sal wees nie maar ons versoek dat u asseblief ten alle tye 'n sakkie byderhand het as u met u hond/e stap.